# Kommentaar op die Verskuiwing in Moraal in die Hersiene Wetsontwerpe oor die Vrywillige Beëindiging van ’n Swangerskap

***Prof. L.O.K. Lategan***

“If you want to turn the door, the hinges must stay put” - L. Wittgenstein.

**Comments on the Shift in Morality in die Revised Legislation on the Voluntary Termination of Pregnancy**

*This article analyses the shift in morality in the termination of pregnancy. It is quite evident that the South African abortion law of 1975 protected unborn life. In the 1996 legislation the protection of unborn life is subjected to the individual choice of the mother. One can refer to this situation as the democratising of morals. Whereas a Christian ethics will advocate the protection of unborn life, the latest legislation on abortion promotes the individual choice as norm for the situation. What is also alarming is that the current abortion legislation doesn’t promote responsibility in ethical decisions, the importance of relations in decision making and the protection of unborn life. Clearly, there is an indication that a Christian ethics cannot have peace with the current morality advocated by the abortion legislation.*

## 1. Agtergrond

Aborsie op aanvraag (*abortus provocatus*)[1] bly ’n emosionele saak. Aborsie word uit twee perspektiewe beskou. Enersyds is daar die

1 Verskillende “kategorieë” aborsies bestaan: spontane aborsie (miskraam), doelbewuste aborsie (*abortus provocatus*), onwettige aborsie (*abortus criminalis*) en terapeutiese aborsie (*abortus medicinalis*) (Du Toit, 1978:14).

standpunt dat ongebore lewe onaantasbaar is, dit is godgegewe en daarom nie vernietigbaar nie. Andersyds is daar die oortuiging dat 'n fetus en embrio nie aanspraak op lewe kan maak nie en dat dit sonder gewetensbeswaar tot op die tweede trimester[2] vernietig kan word. 'n Verdere toevoeging tot hierdie standpunt is dat die swangervrou self kan besluit oor die volhouding van ongebore lewe of nie[3]. Naas mediese redes kan ook sosio-ekonomiese en sosio-politieke redes vir haar besluit aangevoer word. Binne die aborsiedebat word die veilige uitvoering van 'n aborsie as 'n mediese aangeleentheid beskryf. Dat 'n aborsie uitgevoer mag word of nie, is egter 'n etiese en godsdienstige aangeleentheid. Die reg om oor die volhouding van 'n swangerskap te besluit, is 'n juridiese aangeleentheid.

Aborsie in die Suid-Afrikaanse konteks is deur twee verskillende juridiese sienings gereël. Die *Aborsie en Sterilisasiewet* (Wet 2 van 1975) het aborsie op aanvraag verbied, uitgesluit bepaalde omstandighede (indikasies) wat deur mediese en sielkundige redes genoodsaak is. Hierdie kategorieë het sielkundige versteurings, verkragting, ens. ingesluit. In 1996 is hierdie wet se aborsiebepalings gewysig met die proklamering van die *Choice on Termination of Pregnancy Act* (Wet 92 van 1996). Die wysiging kom daarop neer dat *abortus provocatus* nie meer 'n strafbare daad is nie. Hierdie wet is deur die *Choice on Termination of Pregnancy Amendment Act* (Wet 38 van 2004) geamendeer, om toegang tot aborsieklinieke en prosedures vir die uitvoer van aborsie te vergemaklik. In twee, drie dekades, het die fokus dus weggeskuif van *geen aborsie op aanvraag* tot *aborsie op aanvraag; van assistensie onder sekere toelaatbare kategorieë tot assistensie om aborsie op aanvraag uit te voer*.

'n Verdere verskuiwing in etiese houding is die hooggeregshof se standpunt in 1998 dat 'n fetus nie op die regtelike beskerming op lewe aanspraak kan maak nie (sien De Freitas, 2001:122, 2005:46). Dit is teenstrydig met die etiese standpunt oor die status van voorgeboortelike lewe (sien Smit, 1991).

2 'n Opsomming van aborsiewetgewing in meeste lande kan gevind word by http://www.pregnantpause.org/lex/wordl02.htm. Lande soos Japan, Rusland, Verenigde Koninkryk, ens. volg ook soos in Suid-Afrika die tweede trimester benadering.

3 Markowitz argumenteer dat in 'n seksistiese samelewing kan vroue op 'n aborsie aandring omdat hulle dikwels onderdruk word in hierdie soort samelewing. Na hierdie weerstand teen die onderdukking verwys sy na as die "Impermissible Sacrifice Principle". Hierdie solidariteit tussen vroue omdat hulle verduk word, noem sy die "Feminist Proviso" en sê dat dit die ISP komplimenteer (Markowitz, 2005:172). Sien ook Du Toit (2004) oor feminisme in die bio-etiese debat.

Dit is egter nie net die etiese moraal wat verskuif het nie, maar ook die konteks van etiese beslissings. Die opvatting bestaan dat die mens se verhouding tussen hom-/ haarself, sy/ haar gemeenskap en sosiale werklikheid nie meer in terme van teologiese konstrukte verklaar kan of behoort te word nie. Die teologiese beroep op 'n objektiewe normatiwiteit as dit by etiek kom, het verdwyn (Van der Watt, 2005: 248). Mense dink en doen nie meer soos hulle in die verlede gedoen het nie. Dit beteken *geensins* dat die Bybel nie die grondslag vir 'n sosiaal-etiese diskoers en raamwerk kan wees nie. Die bevraagtekening van die gesag van die Bybel het nog nie die *a priori*-waarde van die Bybelse gesag vir Christene ontneem nie (sien De Villiers, 2004).

## 2. Fokus van artikel

Dit is duidelik dat die etiese oorweging van bogenoemde wetgewing verskil. Die 1975'se aborsie en sterilisasie wetgewing is deur die Bybelse standpunt dat geen lewe *onregmatig* geneem mag word nie, beïnvloed. Die 1996'se *Choice on Termination of Pregnancy Act* weerspieël die demokratisering van etiese wetgewing. Die beginsel is nou dat die meerderheidstandpunt en behoeftes van die gemeenskap die leidende moraal is. Binne die burgerlike moraal word hierdie standpunt ondersteun deur ondermeer die owerheid se visie van 24-uur gesondheidsorg en toegang tot primêre gesondheidsorg. Hierdie verskuiwing in moraal het nou in lyn gekom met die oorwegend Westerse sentiment wat oordrewe klem op die outonome besluitnemingsmag van 'n mens lê. Onderliggend hieraan is die oorwinning van *pro choice*-faksiegroepe wat hulle magsbasis kry uit onder meer sake soos *Roe vs Wade* (1973).[4]

Die *fokus* van hierdie artikel is op die verskuiwing van die etiese moraal wat nie deur norme nie, maar deur kontekstuele oorwegings (soos demokrasie) bepaal word. Dit volg op die *probleemvraag* naamlik of *etiek en gevolglik etiese beslissings deur demokratiese tendense en hofuitsprake* bepaal behoort te word?

4 Jane Roe is 'n pseudonaam vir 'n enkellopende vrou Norma McCorvey. Sy het die Texas wetgewing beveg wat aborsie net ten gunste van die behoud van die moeder se lewe wou reël. Met 'n 7 teen 2 stemming is dié wetgewing as onkonstitusioneel bevind. Hoewel hierdie reg ingebed is in die reg op persoonlike privaatheid kan dit nie 'n absolute wees nie. Hiervan skryf regter Blackmun van die Amerikaanse Hooggeregshof: "But this right is not absolute; it must yield at some point to the state's legitimate interest in protecting potential life, and this interest becomes compelling at the point of viability" (White, 2003:106).

Die *vertrekpun*t van hierdie artikel is 'n Christelike mensbeskouing en etiese paradigma. Die argument sal gevoer word dat dit as *a priori/ a pistiori* vertrekpunt 'n bepaalde siening op die onderwerp kan voorhou. Die inhoud hiervan word vervolgens as raamwerk vir beoordeling aan die orde gestel.

## 3. Raamwerk vir beoordeling

### *3.1 Mensbeskouing*

Hoewel die Christelik-antropologiese standpunt oor die beskerming van lewe behels dat lewe nie *onregmatig* geneem mag word nie, bestaan daar nie eensgesindheid oor wanneer daar van lewe sprake is nie. Verskillende kriteria vir die begin van lewe bestaan: *inplanting, primitiewe strook, breinfunksie of waarnemingsvermoë, fetale beweging, animasie, lewensvatbaarheid, ens*. Oor die wording van lewe is daar dus verskillende menings.

Die *eerste* standpunt is die van die *tradisionaliste* wat uit Bybelse gegewens soos Job 10: 8-12, Psalm 139:13-16 en Jeremia 1:5 aflei dat lewe reeds in die oomblik van bevrugting ter sprake is. Selfs dít wat in die baarmoeder gebeur, is nie vir God verborge nie[5].

'n *Tweede* standpunt argumenteer dat lewe eers by inplanting/ hegting in die baarmoeder begin. Hiermee word die ontstaan van lewe teruggeskuif tot ongeveer die veertiende dag na bevrugting. Aan hierdie in-nesteling in die baarmoeder word die primitiewe neutrale groef op die embrioplaat gekoppel.

'n *Derde* standpunt oordeel dat lewe eers ter sprake kom met die ontwikkeling van die breinfunksie. Hiermee word die grens tot vyf weke teruggeskuif.

Die gemeenskaplike punt van hierdie beskouings is dat voorgeboortelike lewe op beskerming aanspraak kan maak. Die probleem is egter dat, indien die begin van lewe nie met bevrugting geassosieer word nie, dan kan 'n mens met die fetus en (later) embrio doen net wat jy wil. Hierteenoor is daar die postmoderne beskouing wat geen absolute waarde aan die begin van lewe wil heg nie. Die gangbare standpunt hier is dat daar

5 Hierdie standpunt moet vorder gekoppel word aan die geloof dat die mens se *totale* lewensverloop staan in die teken van God se betrokkenheid en teenwoordigheid (sien Prinsloo, 1994:128). In die aborsiedebat kan hierdie standpunt nie geïgnoreer word nie.

nie sprake kan wees van menslike lewe nie en daarom kan dit vernietig word. 'n Verdere beskouing wat die vernietiging van lewe ondersteun, word binne die konteks van sosio-ekonomiese en sosio-politieke ondersteuners gevind. Oorwegings gebaseer op armoede, vroueregte, oorbevolking, werksomstandighede, huwelikstatus, ens. ondersteun die neem van voorgeboortelike lewe, maar dan om pragmatiese redes. Smit (1991:36) se standpunt hieroor is belangrik vir 'n Christelike etiek. Hy stel teenoor 'n *gevolgsetiek* (die grootste moontlike geluk vir die grootste moontlike aantal mense) 'n *beginseletiek*. Hierdie etiek is op norme en waardes gebaseer wat nie deur menslike voor- en afkeure bepaal word nie.[6]

### 3.2 Die beskerming van lewe

Die beskerming van lewe word terugherlei na die hermeneuse van die sesde gebod (Eksodus 20:13) dat lewe nie onregmatig vernietig mag word nie. Die *Biblia Hebraica Stuttgartensia*-teks van Eksodus 20:13 lui: "Jy mag nie wederregtelik doodmaak nie". Die Hebreeuse werkwoord *rasah* (wat slegs 67 keer in die Ou Testament voorkom) wat hier gebruik word, het betrekking op doodmaak met voorbedagte rade. Hoewel *rasah* byvoorbeeld in Deuternomium 4:41-43; 19:1-13 en Josua 20:21 gebruik word vir nie-opsetlike doodmaak, het nadere ondersoek aan die lig gebring dat *rasah* betrekking het op opsetlike doodslag. Vir die dood op juridiese gronde of in oorlog word *harag* en *naka* gebruik. Alle doding word egter nie deur die sesde gebod verbied nie – slegs die wederregtelike (onwettige) en daarom onbevoegde doodmaak van 'n mens sonder dat die Here so 'n opdrag gee. Dit gaan dus hier om dood as moord en nie as straf op onskuldige bloedvergieting nie.

Die sesde gebod handel eksklusief oor die beskerming van die beelddraer van God hoewel dit nie ander vorme van lewe uitsluit nie (Velema 1983:26; Douma 1986:133-146). Wie 'n mens (ook hom-/ haarself)

6 Vosloo (2004) se belangrike studie oor *etiek as optiek* kan hierby gevoeg word. Vosloo argumenteer naamlik dat die Christelike etiek juis te doen het met anders kyk na die werklikheid. Hieroor sê hy: "Die Christelike morele lewe hang saam met 'n geslypte visie of verbeelding wat valse beelde kan ontmasker en meer juiste beelde en voorbeelde kan herken" (Vosloo, 2004:137). Vosloo (2004:143) gaan egter verder deur daarop te wys dat etiek nie ongekwalifiseerd optiek kan wees nie. Etiek is 'n saak van die oog en die oor. Etiek het alles met hoor en gehoorsaamheid te make. "Daarom die belangrikheid van die Reformatoriese beklemtoning dat daar met die ore gesien moet word." 'n Perspektief wat hierby aansluit is dit wat Koopman en Vosloo (2002:124) 'n *hermeneutiek van deernisvolle deelname* noem. Die bedoeling hiervan is dat vanuit 'n *verhouding* na die Bybel gekyk sal word.

doodmaak, tas die beeld van God aan. God is die Gewer van lewe. Gevolglik mag lewe nie verabsoluteer word nie; dit wil sê letterlik van God losgemaak en tot afgod verhef word nie. Nog minder mag dit geminimaliseer word; dit wil sê, ook losgemaak word van God en dan prakties tot niks of baie min verlaag word (Heyns, 1982:329-331).

Die bedoeling van die gebod is nie net 'n verbod op doodmaak (Genesis 9:6) nie, maar ook 'n verbod op vloek (Jakobus 3:9), omdat 'n mens na die beeld van God geskape is. Daarom kan die naaste onteer word sonder dat iemand sy/ haar vinger verroer (1 Samuel 25:10; 2 Samuel 16-17). In die sesde gebod gaan dit daarom dat die naaste nie met gedagte, woorde, gebare of dade benadeel of doodgemaak mag word nie. Niemand mag ook wraakgierig wees nie en 'n mens mag jouself ook nie onnodig in gevaar stel nie (*Heidelbergse Kategismus*, Sondag 40; De Klerk, 1993:134-137). Die radikaliteit van hierdie gebod is dat dit enige verkeerde gesindheid van die religieuse hart teenoor lewe afwys (Douma, 1986:163-167).

### *3.3 Standpuntformulering*

Vir die doeleindes van hierdie artikel word die standpunt ingeneem dat lewe begin met bevrugting (die magiese beginpunt van lewe); die fetus en die embrio is altyd op beskerming geregtig (die status van die menslike embrio). 'n Wig moet nie ingedryf word tussen liggaamlikheid en persoonlikheid nie en mediese kategorieë kan 'n mens help om die ontwikkeling van voorgeboortelike lewe te verstaan, maar nie om dit eties te definieer nie. Hiermee word die standpunt dus ingeneem dat lewe godgegewe en daarom heilig is. Hierdie aksent op die heiligheid van lewe veronderstel ook die beskerming daarvan.

## 4. Ontleding van wetgewing

### *4.1 Aborsie en Steriliasiewet,* Wet 2 van 1975

Hierdie wet is teen aborsie op aanvraag, hoewel mediese (bedreiging van die moeder se lewe, defek by die fetus), sielkundige afwykings (reeds bestaande psigiese afwykings by die verwagtende moeder of potensiële psigiese skade) en kriminele redes (verkragting, bloedskande) as aanvaarbare redes vir aborsie beskou word.

### *4.2 The Choice on Termination of Pregnancy Act,* Act 92 of 1996

Hierdie wet herroep die vorige wetgewing in verband met aborsie. Aborsie is op aanvraag gedurende die eerste 12 weke van swangerskap verkrygbaar, en tussen die 13de en 20ste week as dit blyk dat die volhouding van die swangerskap die fisiese en geestesgesondheid van die

vrou bedreig, die fetus abnormaal mag wees, in die geval van swangerskap a.g.v verkragting en die sosio-ekonomiese omstandighede van die vrou. Vanaf die 20ste week kan die swangerskap ook beëindig word, indien die lewe van die vrou en/ of die fetus bedreig word.

Die wetgewing adem die gees van vrye toegang tot reproduktiewe sorg maar stel dit duidelik dat dit die vrou se keuse is:

> Recognising that both women and men have the right to be informed of and to have access to safe, effective, affordable and acceptable methods of fertility regulation of their choice … Recognising that the State has the responsibility to provide reproductive health to all, and also to provide safe conditions under which the right of choice can be exercised without fear or harm.
>
> … the termination of the pregnancy may only take place with the informed consent of the pregnant woman.

Dit word verder duidelik gestel dat ’n aborsie nie ’n vorm van geboortebeperking is, of die bevolkingsgroei reguleer nie:

> Believing the termination of pregnancy is not a form of contraception or population control.

Aborsie is ’n individuele keuse wat op individuele oortuigings berus:

> This Act therefore repeals the restrictive and inaccessible provisions of the Abortion and Sterilization Act … and promotes reproductive rights and extends freedom of choice by affording every woman the right to choose whether to have an early, safe and legal termination of pregnancy according to her individual beliefs.

Niemand mag die vrou se reg ontneem as sy besluit het om die swangerskap te beëindig nie. Hier is selfs van regsvervolging sprake:

> Any person who prevents the lawful termination of a pregnancy or obstructs access to a facility for the termination of pregnancy, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or imprisonment for a period not exceeding 10 years.

### *4.3 Wysigingswetsontwerp*

Die wet is om verskeie redes gewysig. Van belang vir die onderwerp onder bespreking is om fasiliteite goed te keur waar aborsies uitgevoer mag word en dat ’n fasiliteit wat 24-uur beskikbaar is vir aborsie nie enige vooraf-toestemming nodig het nie. Hiermee word die beginsel van vrye toegang tot en beskikbaarheid van fasiliteite verder gevestig.

## 5. Kommentaar

Die verskuiwing in wetgewing en dus moraal is nie probleemloos nie. In die etiese beoordeling van hierdie wetgewing, is die volgende kommentaar ter sprake:

### Demokratisering van die moraal

Die wetgewing wat Wet 2 van 1975 vervang het, het duidelik die demokratisering van die moraal in die oog. Binne die wysigingswetsontwerp is die primêre oorweging dienslewering. Hiermee word die moraal nog 'n tree verder gedemokratiseer. Die moraal wat die beskerming van voorgeboortelike lewe moet reël, word nou aan 'n populistiese besluit uitgelewer. Dit is in teenstelling met die vorige wetgewing in hierdie verband. Dit is opvallend dat die toelaatbare indikasies vir aborsie in Wet 2 van 1975 en die Ned. Geref. Kerk se kommissie insake christelike etiek se siening hiervan, wat in 1973 geformuleer is, feitlik woordeliks ooreenstem. Binne die konteks van die regeringsmoraal van die 1970's was die klem hoofsaaklik op 'n Bybelsgefundeerde moraal. Binne die konteks van die huidge wetgewing sal ten minste die hoofstroomkerke (protestants, katoliek en charismaties) 'n standpunt teen die huidige wetgewing inneem[7] (sien Lategan, 1996), omdat die norm die demokrasie en nie Bybelse waardes is nie. Die tragedie hiervan is dat 'n meerderheidstandpunt die moraal bepaal en nie etiese beginsels nie. Dit is eties teleurstellend dat vryheid van keuse belangriker opweeg as die beskerming van ongebore lewe. Die probleem hiermee is dat die mens se keusevryheid tot norm vir die situasie verhef word. Die gevolg hiervan is dat 'n mens doen wat in 'n bepaalde situasie gerieflik is of nie. Misluk hierdie besluit dan word dit opgevolg met nog 'n subjektiewe individuele besluit. Nêrens word die vraag egter gestel: hoe raak die besluit die konteks of verhoudings waarbinne 'n mens lewe nie? Die eindresulaat is

7 De Villiers (2006) wys daarop dat hoewel die Ned. Geref. Kerk haar nie oor die 1996 wetgewing uitgespreek het nie, die standpunt van 1982 Sinode gehandhaaf sal word naamlik dat aborsie nie eties aanvaarbaar is nie. Hy waardeer die standpunt van die Ned. Geref. Kerk maar veroordeel die simplistiese en liniêre manier waarop na aborsie gekyk word. Kardinaal Wilfrid Napier van die Katolieke Kerk beroep hom op die *Evangelium Vitae* (Die evangelie van die lewe) en bepleit 'n evangelie van die lewe (Napier, 2006). Dit is in teenstelling met 'n "*Culture of Death*" wat aborsie, kontrasepsie en genadedood voorstaan. Om dit te vestig moet die kerk dit predik dat lewe kosbaar is omdat God dit gemaak het. Die standpunt van die Metodiste Kerk is dat lewe heilig is maar die sosiale konteks van 'n gebroke werklikheid wat aborsie noodsaak kan nie eensydig geïgnoreer word nie. Binne hierdie konteks speel pastorale begeleiding 'n belangrike rol (Richardson, 2005).

dat die etiese reël telkens deur subjektiewe keusevryheid oorrompel word. Sodoende word meer etiese probleme geskep en etiese gedrag word nie aangekweek nie. ’n Aborsie mag wel die oplossing vir die probleem voor hande wees (bv. ongewenste swangerskap) maar nie die hantering van die probleem nie (onverantwoordelike etiese gedrag). Vrugafdrywing word as ’n moontlike oplossing vir ongewenste swangerskappe aangebied. Die vraag is of die klem nie eerder op verantwoordelikheid in mense se seksuele lewe moet wees nie?

### Afwesigheid van verantwoordelikheid

Die demokratisering van die moraal lei tot die verwatering van die etiese verantwoordelikheidsin van die individu. Binne die huidige aborsiewetgewing weeg die individuele oorweging swaarder as ’n Bybels-gefundeerde verantwoordelikheidsetiek. Goosen en Louw (2000:262) vra tereg hoe, sonder ’n verantwoordelikheidsetiek wat fokus op die bevordering van menswaardigheid en identiteit, oor die etiese dilemma: *pro-lewe of pro-keuse* geoordeel kan word. Valenkamp (2001:46-48) gaan verder en wys daarop dat naas verantwoordelikheid *in* die moraal ’n mens ook teenoor God *verantwoording* moet doen oor jou moraal. Toegepas op die konteks van aborsie, beteken dit dat ’n mens se handelinge ook teenoor God verantwoordbaar moet wees. Die vraag wat hieruit volg is: in hoe verre kan die vryheid van die individu en haar keuse die leidende norm wees as daar geen mediese, sielkundige en/ of juridiese redes is vir die beëindiging van ’n swangerskap nie?

### Miskenning van verhoudings

Dit is opvallend dat die keuse om ’n lewe te beëindig aan die subjektiewe oordeel van die individu (die vrou alleen) oorgelaat word. Seksuele gemeenskap vind plaas binne ’n verhouding van twee mense. As dit egter by die besluit kom dan het slegs die draer van die lewe die reg om ’n besluit te neem en nie ook die verwekker van lewe nie. Vanuit ’n etiese gesigspunt is dit problematies dat verhoudings nie gerespekteer word nie. Wat hier opvallend is, is dat die jongste aborsiewetgewing nie net die respek vir lewe misken nie, maar ook vir die ruimte waarbinne kinders verwek word. ’n Mens sou met reg kon beweer dat die miskenning van een etiese norm (die respek vir lewe) tot ’n volgende lei (die miskenning van die etiese duursaamheid van verhoudings).

### Teenstrydigheid in wetgewing

Artikel 2 van die *Suid-Afrikaanse Grondwet* beskerm die reg op lewe. Daar bestaan eensgesindheid binne die regsgemeenskap dat die reg op

lewe binne die kader van menseregte en die grondwet moet val. Die menseregte-standpunt is dat elke mens (ongeag ras, geslag, kultuur, gesondheid/ gestremdheid) die reg het op lewe. Artikel/ seksie 11 van die *Suid-Afrikaanse Grondwet* (Wet 108 van 1996) beaam so 'n siening: "Everyone has the right to life." Dieselfde beginsel kan nie na die onstaan van lewe deurgetrek word nie. Deur aborsie op aanvraag toe te laat, word aborsie nie net gedekriminaliseer nie, maar reël wetgewing nou die voortbestaan van ongebore lewe. Aborsie op aanvraag ontneem die fetus/ embrio die absolute reg op lewe. Dit is verder duidelik dat in die kategorieë wat vir aborsie uitgespel is, mediese indikasies en dienslewering swaarder weeg as etiese oorwegings. De Freitas (2001:124) gaan so ver as om te beweer dat die hof in die hantering van die ontstaan van lewe, die beskerming van voorgeboortelike lewe en die beëindiging daarvan (aborsie) religieuse en filosofiese oorwegings geïgnoreer het. Hiervan sê hy:

> The state of affairs is the product of a secular approach to morality … (De Freitas, 2001:126).

'n Verdere probleem is dat die wysigingswetsontwerp van 2004 tot gevolg sal hê dat dit toegang tot aborsie sal verhoog. In praktyk gaan die aantal hospitale wat aborsies uitvoer, vermeerder. Hoewel verpleërs 'n keuse het of hulle die prosedure wil uitvoer of nie, kan dit verpleërs wat teen aborsie gekant is onder druk plaas om aborsies uit te voer.

## 6. Samevatting

In hierdie artikel het dit duidelik geword dat die bestaande aborsie-wetgewing 'n verskuiwing in die moraal tot gevolg gehad het. Hierna is verwys as die demokratisering van die moraal. Dit is verder opvallend dat die etiese beskerming vir lewe uitgereël word deur die individuele keuse-vryheid van die vrou. Hiermee word allermins 'n etiese lewenstyl aangekweek as dit kom by die beskerming van lewe. Die noodwendige vraag is: indien voorgeboortelike lewe so maklik vernietig kan word, hoe lank nog voor dieselfde beginsel volg in demente lewe/ lewe wat nie goed genoeg is om te leef nie. As hierdie kontinuum in etiese oordeel eers gevestig is, dan kan 'n mens beswaarlik verbaas staan as respek vir lewe – in watter vorm van lewe ookal – nie meer 'n primêre etiese oorweging is nie.

## Bibliografie

DE FREITAS, S. 2001. The fragility of life within the secular law sphere. *Journal for Christian Scholarship,* 37(3&4): 107 - 127.

DE FREITAS, S. 2005. The constitutional dynamic of civil society and the role of the churches in South Africa. *Acta Academica,* 37(2): 21-51.

DE KLERK, J.J. 1993. *Die Kategismus: Temas en Skemas*. Bloemfontein: VCHO.

DE VILLIERS, D.E. 2004. Die Bybel in die openbare morele diskoers. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 45(3&4): 806-817.

DE VILLIERS, D.E. 2006. The official stance of the Dutch Reformed Church on abortion: A Christian ethical perspective. Paper read at *Colloquium on Legal Ethics*. University of the Free State: Faculty of Law. March 17.

DOUMA, J. 1986. *De Tien Geboden 1*. Kampen: Uitgeverij Van den Berg.

DU TOIT, D.A. 1978. *Die Christen en aborsie*. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

DU TOIT, L. 2004. Liggaamlikheid en verantwoordelikheid binne die bio-etiek. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 45(3&4):818-826.

GOOSEN, M. & LOUW D.J. 2000. Teologie en die publieke bio-etiese diskoers oor aborsie. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 41(3&4): 260-276.

HEYNS, J.A. 1982. *Teologiese Etiek 1*. Pretoria: NGKB.

KOOPMAN, N. & VOSLOO, R. 2002. *Die ligtheid van die lig*. Wellington: Lux Verbi.

LATEGAN, L.O.K. 1996. Teologies-etiese standpunte in perspektief. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* 32(3&4): 1-13.

MARKOWITZ, M.O.L. 2005. Abortion. In: *A companion to applied ethics*. Edited by Frey, R.G. & Wellman, C.H. Carlton: Blackwell Publishing. 313-325.

NAPIER, W. 2006. Spreading the Gospel of life. Paper read at *Colloquium on Legal Ethics*. University of the Free State: Faculty of Law. March, 17.

PRINSLOO, G.T.M. 1994. Ek wil U loof omdat ek verskriklik wonderlik is! In: Vos, C. & Müller, J. (Reds.). *God, mens en wêreld: Menswaardig*. Halfway House: Orion Uitgewers. 121-135.

RICHARDSON, R. 2006. Dodging the dogmatisms: Methodist reflections on abortion. Paper read at *Colloquium on Legal Ethics*. University of the Free State: Faculty of Law. March, 17.

SMIT, J.H. 2001. Die morele status van die menslike embrio. Universiteit van die Vrystaat: Intreerede.

VALENKAMP, M 2001. Verantwoordelijkheidsethiek en verpleegkundige ethiek. In: Lategan, L.O.K., Strauss, D.F.M. & Van der Merwe, J.C. (Reds.). *Die etos van menswees. Opstelle in die etiek en filosofie*. Bloemfontein: VCHO. 41-60.

VAN DER WATT, J. 2005. Huidige uitdagings vir die Ned. Geref. Kerk rakende fasette van Skrifhantering. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 46(1&2): 247-259.

VELEMA, W.H. 1983. *Hoe Christelijk is de Christelijke ethiek?* Kampen: Kok.

VOSLOO, R. 2004. Etiek as optiek ? Die rol van beelde en verbeelding in die Christelike morele lewe. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 45(1&2): 137-151.

WHITE, J.E. 2003. *Contemporary moral problems*. 7th ed. Belmont: Thomson/ Wadsworth.

**Wetgewing**

*REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA* 1975. Aborsie en sterilisasiewet, Wet 2 van 1975.

*REPUBLIC OF SOUTH AFRICA*. 1996. The Choice on Termination of Pregnancy Act, Act 92 of 1996.

*REPUBLIC OF SOUTH AFRICA*. 2004. Choice on Termination of Pregnancy Amendment Act, Act 38 of 2004.